# Acid Buf

## Beskrywing

Acid Buf is gekalsifiseerde see-alge, wat ‘n organiese bron van Ca en Mg met ‘n hoë biobeskikbaarheid is en ‘n impak op gedrag, skelet, produksie en reproduksie het. Dit help ook om die voorkoms van maagsere te verminder en het ‘n kalmerende uitwerking op varke.

## Kenmerke



- Acid Buf is ‘n organiese produk wat afkomstig is vanaf alge.
- Acid Buf se Ca en Mg ione is hoogs beskikbaar.
- Bevat kalsium (30%), magnesium (5.5%) en ander spoorminerale.
- Matrikswaarde vir formulering tov Ca en Mg. Moet ingeformuleer word.
- Kan kalk vervang in verhouding van 1 : 1.2 Acid Buf
- Kan MgO vervang in verhouding van 1 : 1 Acid Buf
- Fyn partikelgrootte, heuningkoek struktuur and ‘n hoë oppervlak area.
- Voldoen aan Europese standaarde: GMP B2+ en FEMAS
- ISO 9001:2008
- Registrasie in ooreenstemming met Wet 36 van 1947:
  - ⇒ **Acid Buf – V 16463**

## Voordele vir varke

- Dra by om lae pH van digesta te onderhou, wat opneembaarheid van Ca en Mg bevoordeel, asook gesondheid van SVK.
- Voordeel vir klein varkies waar pH in maag hoër is as volwasse varke – beter beskikbaarheid van Ca en Mg.
- Help om voorkoms van maagsere te verminder.
- Help om aggressie te verminder, ook stertbyte en kannibalisme, veral gedurende stresvolle omstandighede, soos wanneer nuwe groepe gevorm word.
- Het positiewe effek op skelet - gewrigte en beendigtheid van varke, en derhalwe langslewendheid.
- Gedurende hittestres: meer biobeskikbare kalsium gedurende lae voerinnames.
- Acid Buf het ‘n kalmerende effek op sôe, wat klein varkies bevoordeel.
- Sôe: voorsien kalsium vir spierkontraksies gedurende die geboorteproses, wat positiewe effek het op lewendig gebore varkies.
- Verhoogde beskikbaarheid van kalsium het positiewe effek op melkproduksie
- Sôe: positiewe impak in terme van lewendig gebore, aantal gespeen en speenmassas.
- Aanbevole insluitingsvlakke: 4kg Acid Buf/ton Kruip en Speenvoer, 4-5kg Acid Buf/ton Jongsoggie-, Dragtigheid- en Laktasievoer, 6kg Acid Buf/ton voer in geval van voorkoms van maagsere. Moet ingeformuleer word om voorgeskrewe Ca spesifikasie te volg.

## Verpakking

- 25 kg sakke
- Fyn, liggrys poeier

**Tel:** +27 (0) 12 667 4213 • **Fax:** +27 (0) 12 667 4210 • **Email:** technical@alliednutrition.com
**Physical address:** 89 Jean Avenue, Doringkloof, 0157, RSA • **Postal address:** Postnet Suite 21, Private Bag X1028, Lyttelton, 0140, RSA